Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

SEPTEMBER 2018

RELIGIESTUDIES V2

PUNTE: **150**

TYD: **2 uur**

* R L G S A 2 *

Hierdie vraestel bestaan uit 4 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees die volgende instruksies versigtig deur voor die vrae beantwoord word.

2. Hierdie vraestel bestaan uit VYF vrae.

3. Beantwoord enige DRIE van die VYF vrae.

4. Begin elke vraag op ’n NUWE bladsy.

5. Lees AL die vrae aandagtig deur voordat jy dit beantwoord.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Die lengte van jou antwoord moet ooreenstem met die punte wat vir elke vraag toegeken is.

8. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Bespreek die sentrale leringe van enige EEN religie onder die volgende opskrifte:

1.1.1 Aard van godheid (10)

1.1.2 Plek en verantwoordelikheid van die mensdom in die wêreld (10)

1.1.3 Die aard van lewe na die dood (10)

1.2 Bespreek die interne verskille wat binne enige EEN van die volgende religieë bestaan:

- Christendom
- Hindoeïsme
- Afrika Tradisionele Religie/Godsdiens (20)

[50]

VRAAG 2

2.1 Lees die stelling hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Elke religie is besorg oor die beskerming van die natuurlike omgewing. Dit is omdat die meeste godsdienste die natuur as deel van die goddelike skepping beskou.

2.1 Noem moontlike oorsake van omgewingsvernietiging. (10)

2.2 Ontleed die impak van omgewingsvernietiging op die samelewing. (10)

2.3 Noem praktiese strategieë wat godsdienstige organisasies kan toepas om die omgewing te beskerm. (14)

2.4 Met verwysing na die lering van enige EEN religie, bespreek die oplossings wat dit bied om die omgewing te beskerm. (16)

[50]

VRAAG 3

3.1 Verduidelik elk van die volgende normatiewe bronne:

3.1.1 Inspirasie (10)

3.1.2 Mondelinge tradisie (10)

3.1.3 Heilige boeke (10)

3.2 Bespreek die hermeneutiese beginsels wat van toepassing op die normatiewe bronne van religie is. (20)

[50]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

4.1 Bespreek Darwin se Evolusieteorie en die invloed wat dit op godsdienstige religieë het. (14)

4.2 Bespreek die reaksie van die drie Abrahamitiese religieë, (Islam, Judaïsme en Christendom) op die Evolusieteorie. (16)

4.3

> Religieë het altyd verduidelikings beskikbaar gestel oor skepping en die status van die mensdom. Gedurende die laaste vier dekades het wetenskap begin om verskillende antwoorde oor hierdie vrae te bied.
>
> [Bron: *Religiestudies*, Steyn et al, bl. 241]

4.3 Gee 'n kort verduideliking van die *Oerknal-teorie.* (20)
[50]

VRAAG 5

Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

> Interne verskille soos die tussen die Shia en die Sunni, of die Katolieke en die Protestante, is meestal gevaarliker as die verskille wat bestaan tussen twee verskillende religieë.

5.1 Kies EEN religie en noem die verskille onder die volgende opskrifte:

5.1.1 Verskille in geloofsoortuigings (leringe) (10)

5.1.2 Verskille in bestuur (10)

5.1.3 Verskille in praktyke (10)

5.2 Kies EEN van die onderstaande wêreldbeskouings en verduidelik die bydrae tot ontwikkeling:

- Sekulêre wêreldbeskouing
- Ateïsme
- Agnostisisme (20)

[50]

TOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou